Ps. 48:1, 5.
Ps. 128: 2, 3.
(Ps. 105: 5)
Ges 62: 6.

# Huwelik, Man + Vrou

Efes. 5: 1-33.

Potch 3 Aug 1958

HD II ✓

Ef. 5: 22 + 25 -

Efese 5:22–6:9 is een van ~~Daar is~~ 3 gedeeltes in die N.T. wat aldrie 'n handel oor die verhouding van 3 groepe mense teenoor mekaar – 'n verhouding wat berus op wedersydse nyw. onder-werping. Die 3 gedeeltes is Efese 5: 22–6:9, Kol. 3:18–~~4~~4:1 en 1 Petr. 2: 18–3:7. en elkeen handel oor die 3 verhoudinge waarop die hele maatskappy rus: vrou teenoor man; kind teenoor ouer; slaaf teenoor heer. Vdm wil ons handel oor die 1e verhouding, Sondag 17 Aug. oor die 2e en Sondag 31 Aug. oor die 3e.

Man + vrou – die 2 mense wat d. huwelik vorm, bepaal + rig: hoeveel lê daar nie opgesluit in hd. enkele verhouding nie! ~~Want in~~ Elke huwelik ~~niet~~ nog elke man + vrou ~~glaan~~ raak die toekoms van elke kind, elke gemeente, elke volk! Want uit d. huwelik spruit voort óf gelukkige huisgesinne, Xt. opgevoede kinders, gesonde lew. verhoudinge met alle mense – óf gebroke huisgesinne, goddelose kinders, en gehawende lewensverhoudinge.

En nou is dit nie nodig om u/m te beklemtoon dat die huwelik vandag in die krisis verkeer – dat ons staan voor d. smartlike feit van ontrouheid tussen man + vrou, van duisende egskeidings, van verwaarloosde kinders nie! Wr. wat ons moet beklemtoon is die vr.: Glo ons as Xtene nog dat die evangelie van Xt. Jesus ook d. huwelik kan red? ~~Moet ons nie eers weer~~ Glo ons dat d. Bybelse siening v.d. huwelik ~~die enigste regte~~ is? ~~staan vandat ons allerlei uitwindsels hulp soek om d. huwelik te bewaar nie?~~

Omdat ons dit glo – daarom wil ons vdm. die lig v Gods Wd. laat val op man + vrou:–

Die Eis van Man en Vrou:

I **Die Aard v.d. Verhouding**: In die vorige gedeelte van die Efesebrief (4:17–5:21) het Paulus die groot waarhd v. heiligmaking behandel: en nou (van vs. 22) gaan hy altoe oor om dies. waarhd toe te pas op die mees intieme van alle verhoudinge – dié van man en vrou – waar die gevaar d. grootste is dat hd. heiligheid v. lewe nooit tot sy reg kom nie.

Paulus begin by die vrou (Vrou) (vs. 22) nl. voordat hy die plek v.d. vrou in d. huwelik bepaal lê hy eers d. groot alg. beginsel neer wat vir alle Xtene se onderlinge verhouding geld: dat hulle aan mekaar onderdanig moet wees in die vrees v God. Op dd. wedersydse vrywillige onderwerping aan mekaar rus ook d. verhouding van man & vrou.

Vir d. vrou het Paulus net een woord: „Vroue, wees aan julle eie manne onderdanig, soos aan die Here" Paulus voer hd. eis terug na d. skepping waar God d. man eerste gemaak het en hom gestel het as hoof v.d. vrou en beskik het dat die vrou as hulp v.d. man sou lewe en werk. Reeds m.d. sondeval het d. vrou in opstand gekom teen hd. eis v God – geweier om haar te onderwerp aan hd. ~~plek~~ status wat God haar toegeken het. Vandag nog haar stryd, haar kruis: omdat sy nie dit sien as minderwaardig

Vir die man weer het Paulus weer die teenoorgestelde: „Manne, julle moet jul eie vroue liefhê". Hy weet nl. alte goed dat die probleem v.d. man is nie om liefde te kry nie – dis maklik – nl. om te bly liefhê; nie om getrouhd te bekome nie, nl. dit te beoefen dwarsdeur die lang jare v.d. huwelik heen.

Dus vir die vrou: onderdanighd in d. liefde;
en vir die man: getrouheid " " .

Is dit al? is ons geneig om te vra. Het d. Bybel niks meer om te sê as dit nie?

Ja. nou kom die Bybel en dui d. gronde aan waarop hd. eis rus, die ~~sy~~ ander lewensverhouding verhef dit opruit.

II **Die Grond v.d. Verhouding**: Paulus waag hier om d. huwelik v. man & vrou te vergelyk met die huwelik v. Xtus, d. hemelse Bruidegom, met sy Kerk op aarde, sy Bruid. Hy sien die hele verhouding van man en vrou in die lig v. Xtus en sy gemeente. Hy stel dus onmiddelik d. huwelik so op 'n hoë en heilige peil dat ons asem as 't ware weggeslaan is. Dis asof 'n mens een oomblik op die plat, eenmaatige grond waar 'n stadsgewoel staan – en die volgende oomblik opgehys word na 'n lieflike daktuin 100 verdiepings hoog – 'n Paradystuin!

En nou verstaan ons wat Paulus bedoel by onderdanighd & getrouhd!

Vir die vrou: Moenie na jou man kyk nie – kyk na Xtus en sy gemeente (vs. 24): Hoe is d. gemeente aan Xtus onderdanig? Gewillige onderwerping aan Xtus en sy gebod uit louter liefde, uit blye dankbaarhd! Soos d. gemeente moet vra: Waarin kan ek Xtus behaag, Sy hart blymaak, Sy liefde beantwoord – so moet die vrou dit ook doen!

Vir d. man: Nog baie moeiliker opdrag – hoër eis, juis omdat hy hoof is v.d. vrou:

a) Vergelyk dd. hoofskap met Xtus se hoofskap v.d. gemeente – & gaan dadelik voort om te wys hoe het Hy dd. hoofskap beoefen: „Soos Xtus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het": nie deur heersugtighd, nie deur tirannieke baasspelery,

nie deur selfsugtige eise te stel nie: ek wil dit – en: jy moet so nie! Nee: deur vrywillige offerande en diens en selfverloëning! Wat dit Hom alles gekos het: die Kruis!

III Die Doel v.d. Verhouding: „Om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur d. woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kan stel, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig & sonder gebrek sou wees"

So, sê Paulus, so behoort d. lewe van man & vrou te wees: met hd. groot doel voor oë dat algaande die liefde hulle harte sal heilig, hulle lewens sal louter en alles wat sondig, selfsugtig & onrein is sal uitbrand!

→ Die doel v.d. huwelik: Nie so baie net hoofs. ~~[illegible]~~ selfgenot, pers.-geniet, staan op ~~hul~~ hul regte, i.p.v. vrywill. opoffering nie hd. groot heilige doel: